

2 Oktober

**Skrifgedeelte: Matteus 5:1-12**

**Fokusgedeelte: Matteus 5:4**

**'n Burger van God se koninkryk treur oor die dinge waarvoor hy reeds vertroos is!**

Dit sal 'n kwade dag wees wanneer Christene ophou treur. Dit sal 'n bitter, hartseer dag wees wanneer die burgers van God se koninkryk saam met die burgers van die koninkryk van die duisternis in 'n ewige gelag uitbreek. Dit sal selfs 'n bitter, hartseer dag wees wanneer die burgers van God se koninkryk saam met die burgers van die koninkryk van die duisternis oor dieselfde dinge treur!

Maar trane wat nie afgedroog word nie; hartseer en droefheid wat nie vertroos word nie, het tog ook 'n doel in my lewe ... Dit is om my h art bloot te l e sodat God deur sy Woord en Heilige Gees aan my kan wys waarvoor ek w erklik moet treur. Laat ons met mekaar eerlik wees: ons treur, ons hartseer en ons trane is baie keer – die meeste kere sekerlik! – *selfgerig*.  k treur oor my verlies.  k treur oor my moeilike omstandighede.  k deurweek my bed met my trane omdat die lewe vir my een geweldige opdraende en worsteling is. Ek treur oor my eie koninkryk. Kyk vir 'n oomblik verb  die trane in jou lewe en sien G d se trane in jou lewe en oor jou lewe raak: Ek treur oor my h glike lewensomstandighede en oor alles wat ek al in my lewe verloor het: verspeelde kansen, my huis, my motor, my besittings. God treur oor 'n burger van sy koninkryk wat nie besef dat materi le middele die afgod van sy/haar hart geword het nie.

Ons treur (tereg ook) oor die geweld en die misdaad in ons land. Ons treur oor die brutale, gewetenlose moorde waarvan ons daagliks moet hoor. Ons treur en word mismoedig oor die omstandighede in ons land. God se Vaderhart is verskeur oor mense wat in naam Christene is, maar in wie se lewens die krag van die godsdiens weggekwyn het (2 Tim. 3:5). God se Vaderhart is verskeur oor mense wat  lles sal opoffer vir volk, vaderland en taal, maar wat met hulle hemelse burgerskap en 'n lewe van heiligmaking bitter min erns maak.

Waarvoor treur jy? Het jy al 'n slag verb  jou trane gekyk en die dinge in jou lewe gesien waarvoor G d treur? D  is die dinge waarvoor jy en ek moet huil, ween en kerm. Want ons is deur die verlossingswerk van Jesus Christus van 'n ewige geweens verlos (Matt. 8:12). Die Heilige Gees gee aan ons die geloof om Jesus Christus en sy vertroosting te omhels en ons eie te maak. Die hartklop van ons hemelse Vader klop in ons harte! Sal ons dan nie ook treur oor di  dinge waarvoor Hy bedroef is nie? Burgers van God se koninkryk kan treur oor di  dinge waarvoor hulle reeds vertroosting ontvang het! Wat 'n saligheid!

*Sing: Skrifberyming 11-3 (16):2*

*Ds. JC van Dyk (Ventersdorp)*